’N VERHOOR

Ons Hemelse Vader, ons dank U vir die voorreg wat ons het om te vergader onder hierdie dak vanmiddag, weer, om die Woord van God te hoor, en om die heerlikheid van die Here Jesus Christus te sien. Ons is onder groot verwagtinge, Vader. En ons bid dat U ons sal ontvang vanmiddag, en ons pogings sal respekteer wat ons aangewend het om U te kom aanbid. Seën elke siel wat hier is. Ons besef dat goeie dinge dié is wat moeilik is om te kry. So ons bid, dat as gevolg van hulle opoffering, daar nie enigiemand oor sal wees wat nie genees is vanmiddag nie. Red die verlorenes en ontvang Self die glorie. Ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

Julle mag maar sit.

2 Ons sinkdak maak dit soort van moeilik vir julle om te hoor. Ons sal nie langer as net ’n rukkie neem, om met julle te praat nie. En dan sal ons reguit voortgaan met die gebedsry, want dis waarvoor ons vanmiddag uitgesit het, was om te bid vir die siekes.

3 En nou wil ek dit sê. Ek weet nie wanneer ek ooit geniet het om by ’n groep mense te wees, meer as wat ek het met hierdie groep hier nie. Julle was baie gaaf. Ek het vir Broer Johnson gesê, ’n rukkie gelede, ek weet nie wanneer ek ’n diens meer geniet het nie. So ’n wonderlike gees onder julle mense, en gelowigheid, geloof. Ek sou graag ’n maand hier wou bly, sodat ons regtig mekaar kan leer ken. Gewoonlik, omtrent die tyd wat jy bekend word, dan’s dit tyd dat jy “totsiens” moet sê en êrens heen moet gaan.

4 Ek weet nie wie hierdie polisiemannetjie hierbuite is, wat daarbuite staan in al daardie reën, kaalkop, daardie verkeer probeer reguleer nie. As iemand hom ken, bedank hom persoonlik vir my, sal julle? Ek sê jou, hy’t ’n baie goeie werk gedoen.

5 Ek wil die man bedank wat hier ingekom het en hierdie plek skoongemaak het, en dit reggemaak het hiervoor, sodat hierdie diens hier kon wees vandag. Ek sê julle, die gemeenskap skuld ’n groot huldeblyk aan manne van daardie moed, wat dit sal doen. Ek skuld ’n groot huldeblyk aan julle, vir mense wat sal uitkom op ’n dag soos hierdie. Meeste mense sou by die huis gebly het. Ek—ek waardeer julle moed. En julle staan hier te midde van al hierdie probleme, sit onder hierdie dak, kan skaars hoor wat aangaan, maar tog vasbeslote om in elk geval te bly. Dis, dis die moed. Ek—ek hou daarvan. Ek dink altyd aan daardie gesang:

Moet ek Hemel toe gedra word
Op 'n blombesaaide bed van gemak,
Terwyl andere geveg het om die prys te wen,
En geseil het deur bloederige seë? (Ja, moeilik!)

6 Ek het gepreek, hier 'n tyd nie lank gelede nie, in Suid-Afrika, waar dit so hard gereën het in die tyd van die moeson, totdat vroue, wat net oral gesit het en hulle hare wat afhang, daar gesit het heeldag in daardie reën. Ek het nooit so 'n diens van genesing in my lewe gesien nie!

7 In Mexiko, nie lank gelede nie, onthou ek aan die staan en preek daaronder, toe dit gereën het soos hierdie, buite in daardie bularena daar, heeldag. En daardie mense was daar om nege-uur daardie oggend, gesit in die reën. En 'n vrou met 'n dooie babatjie in haar arms. Die babatjie het die vorige nag gesterf, en daardie babatjie wat styf gelê het, in haar arms. 'n Kêrel het die gebedskaarte uitgegee, en het hulle klaar almal uitgegee. Daar was geen gebedskaarte meer nie. Hulle het my laat sak met 'n tou, aan die agterkant van die arena, om in die arena in te kom soos hierdie. En Billy het aangehardloop gekom na my toe. Hy het gesê: "Pappa, ek weet nie wat ek gaan doen nie." Hy het gesê: "Ek het driehonderd plekaanwysers wat daar staan."

8 En hoeveel ken Jack Moore? Meeste van julle ken Jack Moore, hier, reken ek. Hy was saam met my.

9 "En daar's 'n vroutjie daarbuite," het hy gesê: "wat 'n baba het wat dood is, vanmôre gesterf het." Dit was omtrent nege-uur daardie aand. Gesterf daardie oggend in 'n dokter se kantoor. En gesê: "Sy wil hê daardie dooie baba moet in die ry ingebring word." Gesê: "Ek het nie meer kaarte nie, en ek het die ry opgelyn." Gesê: "Ek weet nie." En dit het gegiet met reën net so hard; net daarin gestaan daar, koue reën. Daar uitgekyk, en daardie Mexikaanse vroutjies, hulle hare wat afhang, net deurdrenk, nat, onder daardie ligte. En jy kon skaars buite sien, deur, dit het so hard gereën. Wel, ek het gesê. . . "Wel," het hy gesê: "ek kan haar nie vashou nie," gesê: "ons het—ons het driehonderd plekaanwysers." Gesê: "Sy klim reg bo-oor hulle almal, en sy het hierdie dooie babatjie."

10 Ek het gesê: "Wel, Broer Moore, hoekom gaan jy nie ondertoe en bid vir haar nie?" En ek het omtrent tien minute gepreek, reken ek, iets. En ek het gesê: "Waarom gaan bid jy vir haar nie," het ek gesê: "want sy sal nie weet wie ek is, of niemand nie; was verskeie sprekers." Ek het gesê: "Sy weet nie wie ek is nie. Gaan bid jy vir die baba en dit sal haar tevrede stel."

11 Hy het gesê: "Goed, Broer Branham." Hy het begin afgaan met die platform.

12 En daar was 'n hoop ou klere, *so* hoog, die heelpad vir, o, miskien twintig of dertig jaarts. 'n Blinde man het sy sig ontvang, die aand tevore, en daarom was hulle baie geïnteresseerd. Negentig persent Katoliek.

13 So toe het ek begin preek. Ek het gesê: "Soos ek gesê het, geloof is die onder-. . . "

14 Ek het gekyk, voor my het gestaan, en daar was 'n klein Mexikaanse babatjie; 'n swart gesiggie, tandvleisies, geen tande nie, net geblink, tandvleisies soos daardie. En ek het gedink: "Dit moet daardie babatjie wees." Ek het gesê: "Wag 'n oomblik, Broer Moore. Sê vir die dametjie om die baba hiernatoe te bring."

15 So hulle het oopgemaak, die plek; geen—geen gebedskaart nie. Sy was nie regtig veronderstel om in te kom nie, maar sy was volhardend. Dis—dis wat jy wil hê. So het sy die baba boontoe gebring.

16 Ek het gesê: "Hemelse Vader!" Natuurlik, hulle tolk nie die gebed nie. Ek het gesê: "Ek weet nie of hierdie die baba is, of nie. Ek het net die babatjie gesien. Maar as dit is, dis U respek aan daardie vrou vir die maak van hierdie opoffering." Ek het my hande gelê oorkant op daardie blou kombersie, en daardie stywe vormpie omtrent *so* lank, wat uithang in die vrou se arm.

17 En die baba het 'n skreeu gegee en begin skop, so hard soos hy. . . net so hard geskree as wat hy kon. Die baba was. . . Nou het die dametjie neergeval en begin skree: "Padre!" *Padre* beteken "vader," julle weet. Het krale in haar hand gehad.

Ek het gesê: "Dis nie nodig nie."

18 En ek het vir Broer Espinoza, 'n Pinksterprediker, gesê. Baie, reken ek, reken ek ken hom. Ja, Broer Espinoza. Ek het gesê: "Nou moenie jy skryf: 'daardie baba was dood,' nie. Ek weet nie. Die enigste ding wat ek gesien het was daardie daar, daardie visioen." Ek het gesê: "Jy volg 'n—'n hardloper agter daardie vrou aan, en laat haar gaan en laat die dokter 'n verklaring daarvan teken."

19 En die Christen Sakemanne se *Voice* het net onlangs die verklaring gehad: "Die dokter het getuig: 'die baba het gesterf het dubbele longontsteking,' in sy kantoor daardie oggend: 'om kwart voor nege.'" En dit was tienuur daardie aand, die Here Jesus sy lewe weer teruggegee het, as gevolg van 'n opoffering. Nou, dit is so waar! God in Hemel weet dis reg. Dokter se gesertifiseerde verklaring! Die verklaring is nou in die hande van die Christen Sakemanne, waarvan Demos Shakarian nat-. . . internasionale direkteur is. Hy het die stelling geteken deur die dokter: "Die baba het gesterf met dubbele

longontsteking, daardie oggend." En om tienuur daardie aand het die baba lewendig geword, as gevolg van 'n geloof van 'n moeder wat volhardend was om dit te doen. Dis so.

20 Net dieselfde soos die Shunamitiese vroutjie volhardend was om by Elía uit te kom!

21 Net dieselfde soos die Griekse Sirofinesiese vrou volhardend was om by Jesus te kom. Sy het geweet sy het 'n dogter gehad wat epilepsie gehad het. Hoewel, sy was nie eens 'n Jood nie. Die herlewing was nie aan haar volk nie. En toe, toe Hy gekry is, sy by Hom gekom het, het Hy gesê: "Dis nie goed vir My om die kinders se brood te neem en dit aan die honde te gee nie." Haar 'n hond genoem.

22 Sy het gesê: "Dis waarheid, Here." Sien hoe die ware geloof sal getuig dat die Woord Waarheid is! "Waarheid, Here, maar die honde is gewillig om die krummels te eet onder die meester se tafel."

23 Hy het gesê: "Ter wille van hierdie woord, is jou kind genees." En sy het dit dieselfde manier gekry, omdat sy volhardend was.

24 Baie dankie, vriende. Die Here seën elkeen, die musikante, Suster Ungren hier, en al my vriende. Ek sien hier baie van my vriende het ingekom vir hierdie diens. Ek het gesien, vandag, Broer en Suster Evans. Ek weet nie of hy my selfs kan hoor, of nie. Hulle is van oorkant in Macon, Georgia. Suster Ungren hier en—en almal van hulle van bo in Memphis, Tennessee. En Broer Palmer en Suster Palmer, en hulle vriende. En Broer Parnell, 'n predikervriend van my daar. Ek sien hulle nou net almal hier rondom sit, van vriende, persoonlike vriende. Broer J.T. hier, ook van—van oorkant in Georgia, sy vriend. En ons is beslis dankbaar om almal van julle hier te hê, en julle geloof en vertroue. Party van daardie mense ry reg tot by Jeffersonville, Indiana, elke Sondag wat ek daarbo preek, kom net op om te luister. Dan sê ek jou, daardie, die wêreld is nie sulke mense werd, volgens my opinie nie. Dis ek wat dit dink. Julle mense hier, ons is een groot eenheid van Christus. Ons glo in Hom.

25 En nou sou dit nie 'n diens wees as ek nie 'n paar minute geneem het om die Woord te lees en 'n paar opmerkings te maak nie. Want, as julle getrou genoeg is om so lank hier te sit, wil ek getrou genoeg wees daaraan, om die Skrif te lees en net 'n opmerking of twee te maak, en dan sal ons die gebedsry begin.

26 Nou gaan ek vandag lees uit die Skrif, uit Markus die 16de hoofstuk, net vir 'n paar oomblikke, om hieruit 'n konteks te neem. Ek gaan begin by die 14de vers.

En nadat hy hulle verwyt het, aan die elf. . .aan die elf self verskyn toe. . .aan tafel was, en Hy het hulle

ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle dié wat Hom na Sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.

. . . Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom.

27 Nou onthou: "Die hele wêreld, hierdie Evangelie, aan die ganse mensdom." Party sê Dit het opgehou met die apostels. Hy het hier gesê, dat, Sy laaste opdrag aan die Kerk, was: "Die hele wêreld, aan die ganse mensdom. En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Waar? "Die hele wêreld, aan die ganse mensdom." Let op, daar is waar Hy dit aan die Kerk gegee het, wys vir my waar Hy dit weggeneem het. Uh-huh. "Die hele wêreld!"

Hy wat glo . . . sal gered word; . . . hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

slange sal hulle opneem; . . . as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad, skade doen nie; op siekes sal hulle hulle hande lê, en hulle sal gesond word.

Nadat die Here . . . met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die Hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.

Maar hulle het uitgegaan . . . oral gepreek, en die Here het saamgewerk . . . die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen.

28 Nou, ek glo daardie Skrif is die Waarheid.

29 Voordat ek dit vergeet, my seun het vir my 'n rukkie gelede gesê, 'n dametjie, en haar man van Arkansas, het vir my 'n verjaarsdagkoek gebak, en dit vir my gegee. Baie van julle het my kaartjies en dinge gegee. Ek het nog nie eens tyd gehad om daar in te gaan nie. Baie dankie. God seën julle. En ek hoop julle het 'n . . . ons almal sal 'n Ewige verjaarsdag daar oorkant spandeer, waar ons sal gaan sit, en ek wil 'n—ek wil 'n tienduisend jaar hê saam met elkeen van julle, net gaan sit en praat. En ons sal nie minder tyd hê, om te praat, as wat ons gehad het toe ons begin het nie. Dis die Waarheid. Nou ek dank julle vir alles wat julle gedoen het.

30 Nou net vir omtrent tien minute, of vyftien minute op die meeste, miskien, as die Here wil, om net 'n paar opmerkings te maak.

31 Ek wil dit sê, dat ek vertrou dat my gevoel, leiding om te kom; julle pastore wat gelei gevoel het om my te borg om te kom, wat vir my 'n oop deur gegee het; julle mense was getrou

om te kom; en Jesus het nie nagelaat om elke keer aan ons te verskyn, in die teken van die uur waarin ons lewe nie. En ek vertrou dat Sy opstanding, ewigdurend, Ewige Wese, en Sy Teenwoordigheid, julle beïnvloed het om Hom lief te hê en meer te dien as wat julle ooit het in julle hele lewe, om voor te neem in julle hart om getrou te lewe aan Hom, en nader, beter te lewe.

32 Ek het eenkeer 'n storie gehoor wat vir my vertel is, oor toe hulle die slawe hier in die Suide gehad het.

33 Hulle het hulle altyd verkoop op markte, ensovoorts, soos hulle het in die tye van die slawe. Hulle, die Boere, het hulle ingebring, hierbuite na Jamaika Eiland. Toe het die mense hier oorkant, hulle het hulle ingesmokkel. En hulle het hulle gekoop vir slawe, wat wettig was in daardie dae. En hulle sou verbygaan en hulle koop, en hulle sou goeie swaar slawe vind, wel, hulle sou. . . Hulle sou daardie groot swaar slaaf laat teel met 'n swaar vrou; dit sou 'n beter man maak. Dis waarom hulle kampioene van die wêreld is vandag, in dinge, in hulle gevegte. Hulle is net ingeteel, soos beeste, ensovoorts.

34 Maar dan vind ons 'n koper, eenkeer, 'n makelaar het verbygekom om te koop op 'n plantasie waar hulle omtrent 'n honderd slawe gehad het.

35 En daardie slawe, was, hulle was treurig. Hulle moes hulle slaan, om hulle te laat werk, want hulle was weg van die huis. Hulle was weggesmokkel, gevang, in gevangenisskap gegaan en was weggesmokkel. En hulle moes hulle slaan, om hulle te laat werk, omdat hulle moedeloos was; hulle is weg van die huis. Hulle sal pappa en mamma nooit weer sien nie. Hulle sou hulle vrou of kinders nooit weer sien nie. Dit was 'n treurige saak.

36 En hierdie makelaar, eendag, het verby 'n plantasie gekom, gesê: "Hoeveel slawe het jy?"

Gesê: "Omtrent 'n honderd." Gesê: "Kyk na hulle."

37 En hy het soontoe gegaan, en hy het hulle opgelet, hoedat hulle almal was. . . Maar een jong kêrel, hulle hoef hom nie te geslaan het nie. Sy bors was uit. Sy ken was op, reg op die kol. En so het die makelaar, die koper, aan die eienaar gesê, hy het gesê: "Sê, ek wil graag daardie slaaf koop."

Hy het gesê: "O, nee. Hy's nie te koop nie."

38 Hy het gesê: "Wel," gesê: "is daardie slaaf, is hy die baas oor die res van hulle?"

Hy het gesê: "Nee, nee, hy's nie 'n baas nie."

Gesê: "Voer jy hom anders?"

39 Gesê: "Nee. Hulle eet almal saam daarbuite in die kombuis. Hy's net 'n slaaf."

Gesê: "Wat maak hom so verskillend van die ander?"

40 Hy het gesê: "Ek het 'n lang tyd self gewonder, wat hom anders gemaak het. Maar eendag het ek uitgevind. Oorkant in die tuisland, waar hulle vandaan kom, Afrika, is sy vader die koning van die stam. En tog, as 'n vreemdeling, weet hy hy's die seun van 'n koning, en hy tree op soos een."

41 O, wat behoort dit aan ons te doen! Hoewel ons vervreemd was, hoewel ons in 'n donker wêreld van ongeloof is, en droefheid en siekte en dood, laat ons egter optree soos seuns en dogters van God. Ons is die seuns en dogters van die Koning. Dit behoort ons gesindheid te verander, alles. Maak nie saak wat die res van die wêreld is nie, ons moet die regte van God handhaaf. Ons onthou dat hierdie nie ons huis is nie. Ons is nie van hierdie land nie. Ons is nie van hierdie wêreld nie. Ons is gebore uit die Gees van God, wat van Bo is.

42 Gegaan, my vrou, hier nie lank gelede nie, na 'n kruidenierswinkel. Ek het 'n vreemde ding gesien in die somertyd, in Indiana, 'n vrou wat 'n rok aangehad het. Hulle dra hulle nie meer nie, julle weet. En so het my vrou gesê . . . Ek het gesê: "Wel, kyk daar. Wonder of die vrou 'n Christen is?"

43 Hulle het gesê: "Wel, al hierdie vroue; ek ken party van hulle hier, hulle sing in die kore by kerke." Sy het gesê: "Waarom is dit, Bill, dat hulle dit doen?" Ek het gesê natuurlik . . . "En—en ons mense doen dit nie."

Ek het gesê: "Natuurlik. Ons is van 'n ander volk."

Sy het gesê: "Ons is Amerikaners, is ons nie?"

44 Ek het gesê: "O, nee. Ons kamp net hier. Ons is nie Amerikaners nie." Ek het gesê: "Sien, ons is van Bo."

45 Die Heilige Gees het afgekom, ons harte verenig met God, en ons bely, soos Abraham: "Ons is reisigers en vreemdelinge." Hierdie is nie ons huis nie. "Ons soek na 'n stad Wie se boumeester en oprigter God is," wat van Bo kom. Ja, ons is seuns en dogters van 'n Koning.

46 Nou gaan ek 'n dingetjie bring wat vreemd klink, net vir 'n paar minute, maar ek gaan 'n verhoor hou, 'n hofverhoor hier.

47 Kan julle my hoor? Hoe ver terug kan julle my hoor, steek julle hande op. Wel, goed. *Hier* na agter, kan julle my hoor? Goed. Ek praat so hard, amper, as wat ek kan.

48 Ek gaan 'n hofverhoor hou, en die saak, is: "Die Woord van God, beloof, teenoor die wêreld." Nou gaan ons dit opstel soos 'n hofverhoor, vir net 'n oomblik, voordat julle deur hierdie gebedsry kom. "Die Woord van God teenoor die wêreld," nou die saak.

49 Die rede vir hierdie aanklag is 'n verbreking van belofte, dit van: "God se beloftes," hulle maak aanspraak dat: "God nie Sy belofte gehou het nie."

50 Die advokaat vir die vervolging in hierdie saak is Satan, en hy is die wêreld se getuie, want hy is van die wêreld.

Die verweerder in hierdie saak is Almagtige God.

Die getuie vir die verdediging van hierdie saak is die Heilige Gees.

Ons gaan hulle roep tot verhoor, net vir ’n paar minute.

51 Die aanklaer se getuies, wat hy bring om sy saak te verdedig, is Mnr. Ongeloof, Mnr. Twyfelaar, en Mnr. Ongeduldig.

52 Ons gaan vir hulle ’n verhoor gee. Hof word nou tot orde geroep. Die aanklaer roep sy getuie, Mnr. Ongeloof. Hy is eerste in die bank.

53 Kan julle my steeds hoor? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Reg. Goed. Nou kan ek ’n bietjie meer ontspanne voel.

54 Nou, julle verstaan, dis ’n saak teen God, wat Mnr. Ongeloof en Mnr. Twyfelaar en Mnr. Ongeduld God roep tot ’n—tot ’n verhoor: “want Hy hou nie Sy Woord nie,” sê hulle. Goed.

55 Die advokaat vir die vervolging in hierdie geval, hy verteenwoordig altyd die staat, so die advokaat vir die vervolging in hierdie staat, is Satan self. En hy’s . . .

Ons roep die verhoor.

56 Goed, hulle roep die eerste een na die getuiebank, dis Mnr. Ongelowige. Hy kla hiervan, dat: “Alles van God se beloofde Woord nie waar is nie.”

57 Nou gaan Hy verhoor word hiervoor. Luister nou aandagtig. Moet dit nie mis nie.

58 Hy maak aanspraak dat Markus 16, wat ek pas gelees het, aan hom bedien is in ’n sogenaamde Heilige Gees bedieningdiens waar andere aanspraak gemaak het om genees te word. En dit was aan hom bedien, twee jaar gelede, en daar is nog glad geen verskil in hom nie, dat: “Hierdie ‘tekens’ nie die gelowige volg nie.” Hy het gesê hy maak hierdie aanspraak Daarteen. Goed, hy gaan sit.

59 Ons roep die volgende getuie. Dis Mnr. Twyfelaar. Hy neem die Skrif van God se Woord, van Jakobus 5:14. En hy het gesê hy was in ’n plek waar hulle aanspraak gemaak het dat die ouderlinge geroep was, en hy was gesalf met olie en voor gebid. En dit was meer as ’n maand gelede, en daar was nog geen verandering in hom nie, so hy weet dat dit verkeerd is. Hy roep God, en kla God aan, daarvoor.

60 Die volgende getuie is Mnr. Ongeduldig. Hy’s ’n vreeslike kêreld. Goed. Mnr. Ongeduldig, hy maak aanspraak dat hy gelees het uit God se Woord, in Markus 11:22 en 23, dat

wanneer as jy gebid het, dat as jy geglo het dit waarvoor jy gebid het, jy ontvang, jy behoort te kry waarvoor jy gevra het." En hy het gesê hy het gevra om sy krukke neer te lê, nadat hy die Woord gelees het en God gevra het om hom te genees. En hy het gevra om sy krukke neer te lê, en dit was vyf jaar gelede, en hy was nooit in staat om hulle sedertdien neer te lê nie.

61 So hulle—so hulle maak aanspraak: "God is nie geregverdig om sulke voorbarige beloftes in Sy Woord te sit nie." Nou verstaan julle nou die saak teen God? "Hy is nie geregverdig om dit te doen, sulke Skrifte soos Markus 11:23, 22 en 23, en Markus 16, Jakobus 5:14, en sulke beloftes soos daardie in te sit nie." Hulle kla God aan as gevolg van 'n verbreking van belofte, dat: "Hy Sy belofte verbreek het, en nie in staat is om Daarby te staan nie." En hulle kla Hom aan om so—iets in Sy Woord te sit, want: "Sy gelowige kinders word nie geïdentifiseer deur die aansprake nie, en dit veroorsaak dat hulle vervolg word, omdat hulle nie is nie. God identifiseer nie Sy Woord nadat Hy die belofte gemaak het nie."

62 O, ons het nou 'n ware saak hier. Ek kyk na hulle, hoe hulle kan getuig! Tog, weer die getuies hoor opstaan en sê: "Tog, ons is gelowiges!" Hulle maak aanspraak om self gelowiges te wees. "En het gesê: 'Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.' 'Die gebed van geloof sal die siekes red.' 'As jy vir hierdie berg sê: "hef jou op" en nie twyfel in jou hart nie, sal dit gebeur.' En ons is gelowiges." En, tog, weer staan een op, en het gesê: "Tog, Hy, dit is God, het beloof alle dinge is moontlik aan die gelowiges." Wat 'n aanklag teen God en Sy Woord!

63 "Tog, weer, Hy maak aanspraak om lewendig te wees nadat Hy gekruisig is. En maak aanspraak dat Sy Skrif oor Hebreërs 13:8, dat Hy net soveel God is vandag as wat Hy gister was, en vir altyd sal wees." Dink net aan dieselfde God! En hulle kla Hom daarvoor aan, want: "Dis nie so nie," hulle kan dit nie laat reg optree nie. Goed.

64 "Ook, dat hy aanspraak maak," dit is die klaer nou: "hy maak aanspraak dat beide hemel en aarde sal verbygaan, maar Sy Woord nooit sal verbygaan nie." Dis veronderstel om gelowiges te wees wat praat. Nou, wat 'n aanklag! Wat 'n klagte het ons teen God, dat: "Hy hierdie stellings gemaak het, en nie groot genoeg om Daaragter te staan nie." Wat dink julle daarvan?

65 En Satan, die aanklaer, wat daar sit, die wêreld verteenwoordig, om aanspraak te maak op hierdie, 'n verbreking van belofte van God, want: "Hierdie mense het gekom, en was in hierdie dienste, en—en het aanvaar hierdie dinge wat God gesê het, was reg, en tog het daar niks met hulle gebeur nie."

66 Nou, nou laat die aanklaer se getuies net afstap vir 'n oomblik, julle weet. Hulle het 'n ander kant.

67 Nou sal ons die getuies vir die verdediging roep. Die getuie vir die verdediging van die verweerder, dis God. Die getuie vir die verdediging vir God, is die Heilige Gees. Bring Hom na die bank. Laat ons Sy getuienis hoor.

68 Goeiste! Eerstens, vestig Hy die aandag op die aanklaer se verkeerde interpretasie van die Woord aan die mense. "Dis reg, want hy's dieselfde interpreteerder as wat Eva gehad het. Hy's dieselfde interpreteerder wat Eva gehad het. 'O, sekerlik, *Hierdie* of . . . *Hierdie* is reg, maar *Daardie* is nie.' Sien, dieselfde interpreteerder, is die aanklaer, want hy's 'n duiwel. Dieselfde een wat . . . "

69 God het Sy kinders verskans agter Sy Woord. En die heel eerste keer wat jy uitstap Daaragter, is jy 'n teiken vir die duiwel. Maar hy kan jou nie kry solank jy verskans is deur die Woord nie.

70 "Nou die belofte is . . ." Hy het weer gesê: "Ek wil julle aandag vestig." Sê . . . Nou hierdie is die getuie vir die verdediging, die Heilige Gees. Hy het geê: "Die belofte is net aan gelowiges, nie skyngelowiges en twyfelaars en ongelowiges nie. Die belofte is net aan die gelowiges, nie aan die ander nie." Nou, hierdie is die—hierdie is die getuie vir die verdediging. En die getuie vir die verdediging behoort te weet, want Hy is die een wat dit aan hulle lewendig maak. Hy weet of dit waar is of nie.

71 Hy wil ook die aandag hier vestig, as die lewendmaker van die Woord, vestig Hy ook die aandag, dat: "Die Woord 'n saad is. En as die saad in die regte, vrugbare gronde val, sal dit presies voortbring wat God gesê het dit sou. Maar dit het nie geval in die regte soort grond nie, so daar's nie genoeg grond, genoeg geloof, om die saad te laat groei nie." Ek dink, as die Een Wie die saad lewendig maak, Hy behoort te weet. Dink julle nie so nie? Hoeveel glo dit, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy behoort die Een te wees Wie weet. Hy's die ware getuie vir die verdediging. Goed.

72 Die verdediging, wat nou getuig, gaan Sy eerste getuie roep. Nou, julle sien, die aanklaer het sy getuie geroep, Mnr. Ongeloof, Mnr. Twyfelaar, en Mnr. Ongeduldig. Nou het die getuie vir die verdediging 'n reg om een van Sy getuies te roep. Die Heilige Gees het 'n reg om dit te roep, want Hy is die getuie vir die verdediging vir God se Woord.

73 Nou, hierdie manne maak aanspraak dat hulle glo, maar die Heilige Gees het niks daarvan geweet nie, en Hy's die enigste een wat Dit kan lewendig maak. Dis net soos jou liggaam hier, sien, jou liggaam is dood sonder die gees, so is die Woord van God dood sonder die Heilige Gees om Dit lewendig te maak. Die gees maak die liggaam lewendig, en die Heilige Gees maak die Woord lewendig. Begryp julle dit? Nou, Hy behoort te weet.

74 Nou gaan Hy die eerste getuie roep. Laat ons kyk wie Hy gaan roep. Noag, Hy gaan Noag roep.

75 Noag het gesê: "In die dae wat ek gelewe het was 'n wetenskaplike eeu," baie slimmer as wat hulle in hierdie dag is. "En die Here God het vir my gesê daar sou reën uit die hemel kom."

76 Dit het nooit gereën, julle onthou, op die aarde nie. En hulle kon instrumente neem en bewys daar was geen reën daarbo nie. Onthou, dit het nooit gereën in daardie dae nie. God het die aarde natgemaak deur besproeïng.

77 Maar hy het gesê: "Dit gaan reën en gaan die wêreld verwoes. Daar gaan 'n groot vloed kom, regoor die aarde, wat dit sal bedek en dit vernietig." Hy het gesê: "Tog, ek het opdragte van God, om 'n ark te bou. Ek het begin werk aan hierdie ark, my geloof gewys, en dat ek geglo het wat God gesê het die Waarheid was, ongeag van wat wetenskap gehad het om te sê daaroor." Ek dink hy maak 'n goeie getuie, en julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "En maak nie saak wat enigiemand anders gesê het daaroor nie, God het gesê dit gaan reën; so as daar nooit reën daarbo was nie, kan Hy reën daarbo sit. Ek sal die ark in elk geval bou, gereed maak daarvoor.

78 "Alhoewel, ek het daardie kêrel gehad het, op die getuiebank hier, 'n tydjie gelede, Mnr. Ongelowige, hy my die heeltyd uitgelag het. Hy't my bespot. En ek het Mnr. Twyfelaar gesien, hy het verbygekom en hy het vir my gelag. Mnr. Ongeduld, almal van hulle, hulle het vir my gelag, om in so 'n wonderwerk te glo. Maar, ek het gewag. Toe ek die ark klaargemaak het, het die reën nooit gekom nie. En ek het gewag vir eenhonderd-en-twintig jaar, voor dit gekom het, maar dit het gekom." Amen.

79 "Gaan sit, getuie. Dis 'n goeie getuienis. Laat ons nog een roep, getuie nommer twee. Abraham, bring hom nader." Ons het pas van hom gepraat.

80 "Ook," het hy gesê: "ek het die Woord van God gehoor, toe ek vyf-en-sewentig jaar oud was, vir my iets gesê wat absoluut teen rede was. Dit sou 'n super maal super wonderwerk moes wees. Dat, ek 'n vrou sou hê, vyf-en-sestig jaar oud, om 'n seun vir my voort te bring wanneer sy vyf-en-sestig jaar oud was. Ons het afgegaan en alles gereed gemaak, want God het so gesê. Ons het dit geglo. En die . . . Ek het al my vriende gesê dat hierdie dinge gaan gebeur, daarna. Dit moes plaasvind, omdat God so gesê het. Ek het geduldig gewag. Die eerste maand het gekom, ek het my vrou gevra hoe sy gevoel het. 'Nie anders nie.' Goed, ek het God in elk geval geglo.

81 "Daar was Mnr. Ongelowige, Mnr. Spotter, Mnr. Twyfelaar, en hulle almal wat daar gestaan het. Hulle het my gespot en vir my gelag, en my 'Vader van nasies,' genoem, wanneer ek geen kinders gehad het nie.

82 "En ek het elke maand bly glo, elke maand sou dit gebeur. Sy het ouer en ouer geword die heeltyd, maar dit. . . binne vyf-en-twintig jaar later het God Sy Woord waar gehou. Dit het gebeur."

83 "Abraham, dis 'n goeie getuie. Die Woord het nooit gesê *wanneer* nie; Hy het gesê Hy sou. Hy het gesê: 'Ek sal jou 'n kind gee, seun, by Sara.' Nie volgende maand nie; Hy het nooit gesê volgende maand nie; Hy het gesê Hy sou; nie *wanneer* nie. Hulle, gebed: 'Hulle sal hande op die siekes lê, hulle sal gesond word.' Dis die idee. 'Die gebed van geloof sal die sieke red, en God sal hom oprig.' 'Vertoef julle in die stad van Jerusalem totdat julle toegerus is met Krag, van Omhoog.' Nie vir een dag, twee uur, tien dae, tien jaar nie. 'Totdat die Krag kom!'" 'n Ware getuie vir die verdediging, is hierdie kêrels! "Hy het nooit gesê wanneer ons die baba sou hê nie," het Abraham gesê: "maar Hy het gesê ons sou dit kry. Die heeltyd wat die oormag teen my opgelaai het, het ek standvastig gebly. Want, ek het nie gewankel onder die ongeloof van die mense nie. Ek het net vasgehou."

84 "Goed, Abraham, gaan sit. Nou laat ons nog 'n getuie kry, nommer drie getuie. Laat ons Moses naderbring, kyk wat hy sê."

85 "Nou," het hy gesê: "ek was 'n wetenskaplike. Ek was veertig jaar in die woestyn, nadat ek misluk het met die werk. Maar eendag het ek God ontmoet. En daardie Stem, 'n Vuurkolom agter in die woestyn, het vir my gesê, 'n Skriftuurlike Stem, dat die uur op hande was, dat Hy die krete van Sy volk gehoor het, Sy belofte onthou het, en Hy sou afgaan om hulle te verlos, en Hy het my gestuur vir die werk.

86 "Ek het Hom gevra vir 'n teken. Hy het vir my 'n teken gegee, en Hy het vir my nog 'n teken gegee. Albei tekens sou 'n stem hê. Hy het gesê: 'Dan as hulle nie al daardie tekens wil glo nie, gooi net water (uit die oseaan) op die grond, en dit sal in bloed verander.' Dis dit, dis alles daarvan. Farao was toe gedaan, gesê: 'as, jy, hulle nie daardie tekens wil glo nie, daardie stemme nie.'

87 "En, tog, ek het afgegaan in die lyn van plig, net soos God vir my gesê het om te maak. Jehova, die EK IS, het vir my gesê om af te gaan en hierdie teken te doen. En ek het hierdie teken afgeneem voor pastoor Farao, en ek het my staf neergegooi. En julle weet wat? Hy het probeer om dit te laat twyfelagtig lyk, soos een of ander towerkuns. En hy het 'n paar vleeslike nabootsers gekry om uit te gaan en dit te bespot, dieselfde ding te doen. Maar ek het geweet dit was God se Woord, en dat ek gekom het om daardie kinders daar uit te neem. Maak nie saak wat gebeur het nie, ek het steeds die Woord van God geglo, so ek het stewig gestaan Daarmee." Is nie meer nie!

88 Moses, jy's 'n ware getuie! Maak nie enige verskil nie, om dit te probeer dupliseer nie, en iets te probeer, dit so te laat lyk nie; hy het vasgehou. Die towenaars het opgekom. "Sien," het Farao gesê: "sien, dis 'n goedkoop toertjie. Dis Beëlsebub, een of ander verstandstelepatie of iets. Ek het manne hier, towenaars, wat dieselfde ding kan doen; fortuinvertellers, om dit te bespot, wat ook al dit is." Dit het nie vir Moses gestop nie. Dit was die Woord van die Here, want dit was 'n Skriftuurlike teken wat daarop gevolg het.

89 "O, ja," gesê: "Mnr. Ongeloof, Mnr. Twyfelaar, en hulle almal, het om my skouers gehang. Maar ek het net reguit by daardie Woord gebly, in die wete dat dit God was wat die Woord gesê het. Dis God om daarvoor te sorg; nie hulle nie. Hy het vir my gesê ek gaan daardie kinders na die beloofde land neem. Hy het vir my gesê ek gaan hulle daar uitneem, en ek sou na hierdie berg toe terugkom waar dit gebeur het. Ek weet nie hoe nie. Farao het my lewe gedreig—bedreig, en alles het gebeur, maar ek het getrou gebly aan die belofte. Uiteindelik, het God die vyand oorwin, en ek het hulle deur die Skelfsee gebring, soos op droë grond. God het Sy belofte gehou, en ek het net reguit na die berg toe gekom waar Hy vir my gesê ek na toe sou kom, dieselfde berg." Sien, hy het geglo dat dit God was, en hy het sterk gestaan.

90 Laat ons getuie nommer vier bring, omdat ons haastig is. Laat ons getuie nommer vier bring, Josua, wat Moses opgevolg het.

91 Josua het gesê: "Ek het soontoe gegaan met die spioene. Ek is uitgestuur. Twaalf van ons is gestuur; een uit elke denominasie." En gesê: "Ons het soontoe gegaan en ons het gekyk. En hier het hulle teruggekom, bang, en gesê: 'Wel, ons lyk soos sprinkane teenoor daardie kêrels. O, goeiste, hulle is groter as wat ons is! Hulle is magtige manne, wat hulle alles is! Ons lyk soos sprinkane.'" En gesê: "By Kades-Barnéa het ek die volk stilgemaak, gesê: 'Wag 'n oomblik. Julle kyk na 'n reus en die teenstand. Ek kyk na die belofte van God. God het gesê: 'Ek sal vir julle die land gee.'" Amen. Ek het die volk stilgemaak, omdat die Woord dit belowe het.

92 "Toe, dag na dag, het hulle verbygekom en gesê: 'Waar is die land? Waar is die melk en heuning, Josua? Jy het dit ook belowe. Waar is dit?' "God sal daarvoor sorg."' En Hy het al daardie ongelowiges laat sterf. Hy het my lewendig gehou, nog 'n geslag opgerig. Veertig jaar later, het ons die land geneem. God het so gesê!"

93 En, onthou, hulle was net twee dae se reis weg. Hy het hulle teruggehou net vir veertig jaar as gevolg van hulle ongeloof. Jou genesing mag nie vyf minute weg wees nie. Jou

ongeloof sal dit weghou van jou solank as wat jy lewe. Moet dit glo! Hy's 'n ware getuie, Josua. Ja, meneer. Hulle het die land ingeneem, veertig jaar later.

94 Ons het soveel getuies wat ons kan roep, maar, as julle my sal verskoon, sou ek graag Sy volgende getuie wou wees. Ek sou myself graag wou opsit vir Sy volgende getuie, as dit nie te persoonlik klink nie. Ek is Sy getuie. Ek wil Sy volgende wees, Sy vyfde getuie.

95 Hoe kan God 'n kankerroos neem en 'n koringkorrel daaruit maak? 'n Sondaar, gekom uit 'n sondige familie; almal van hulle met gewere, en gesterf met hulle stewels aan; dranksmokkelaars en wat jy ook al mag hê. Wel, ek het niks daarmee te doen gehad nie.

96 My moeder wat in Heerlikheid is vandag, het gesê, die uur toe ek gebore is, het daardie Engel van die Here ingekom by die venster en oorkant die krip gestaan waar ek was. Hulle het die foto Daarvan in die wetenskaplike sale van die Kuns van Godsdiens vandag. Dit is wêreldwyd bekend. God het belowe om hierdie dinge te doen. As 'n seuntjie, het 'n Stem met my gepraat, gesê: "Moet nooit rook, puim of drink, jou liggaam op enige manier besoedel nie. Daar sal 'n werk vir Jou wees om te doen wanneer jy ouer word." My bang gemaak, natuurlik.

97 Wat het ek geweet van godsdiens? My mense, voorheen, was Katoliek. Hoe het ek enigiets van hierdie dinge geweet? Ek was nooit in die kerk in my lewe nie. Hulle het albei buite die kerk getrou, so hulle net. . . Moeder en vader, albei, was Iers, en so het hulle net buite die kerk getrou, en ons het geen godsdiens gehad nie.

98 Ons het net gelewe soos 'n klomp honde, het 'n klein ou waentjie gehad, soos kampeerders, van plek tot plek, waar ook al ons 'n gehuggie kon vind waar ons die huur kon betaal van drie of vier dollar 'n maand. Dis hoe ons gelewe het.

99 'n Ou kaalvoet seuntjie, wat water gedra het na 'n whiskey ketel, eendag. Toe God, in Sy soewereine, steeds Sy Woord hou, afgekom het in 'n warrelwind en daar gestaan het, en gesê het: "Moet jy nie hierdie dinge doen nie." Hy het dit gesê. Toe ek 'n jong man geword het, het visioene voor my oë begin ontvou, vanaf 'n baie klein seuntjie. Dit het my baie bang gemaak. Ek is gered, en ek het by die Baptiste kerk aangesluit. Ek het gevra . . .

100 Ek het my Baptiste broers vertel van gaan. . . Ek het nie geweet wat om dit te noem nie, 'n visioen. En ek het dit 'n vervoering genoem. En ek het gegaan en my broers daarvan gesê. Hulle het gesê: "Billy, hê niks daarmee te doen nie. Dis die duiwel. Dis die duiwel. Moet jy niks daarmee te doen hê nie.

101 Een aand, by 'n kampie waar ek visgevang het, ver agter in die berge, het ek daaragter gelê. Omtrent drie-uur een oggend,

het ek 'n Lig sien kom. Ek het pas die Bybel gelees. Ek het gedink dit was iemand wat gekom het, wat dit geskyn het deur 'n kwasgat, 'n lantern of iets. Dit was ver in die wildernis. En ek het gedink iemand kom nader. Die Lig was op die vloer; Dit het groter en groter uitgesprei. Ek het Iemand hoor stap. Toe Dit het, was Dit 'n Man. Hy was kaalvoet. Hy het hare tot op Sy skouers gehad, en Hy het 'n kleed aangehad. En ek was tot die dood toe bang.

102 Hy het gesê: "Moenie vrees nie. Ek is gestuur uit die Teenwoordigheid van die Here God, om vir jou te sê dat, jou vreemde lewe. Moenie probeer wegkom van hierdie dinge nie. Dit is jou roeping. En God sal jou stuur na verskillende plekke, regoor die wêreld, om te bid vir die siekes. En as jy die mense kan laat glo en opreg wees, sal niks voor die gebed staan nie."

103 Dit het my tot die dood toe bang gemaak. Sekerlik, dit het. Ek het daar gestaan, en—en Hy het aanhou praat. Ek het gesê: "Meneer, ek is hier oor daardie vervoerings en dinge soos daardie."

104 Hy het gesê: "Daar sal drie dinge gebeur. Eerstens, sal jy weet deur jou hand te neem om die mense vas te hou. Dan sal dit gebeur, daarna, as jy opreg is, dat jy die einste geheimenis in hulle hart sal ken."

105 En ek het gesê: "Dis waarvoor ek hier is om oor te praat, was ek. . . My broers het vir my gesê dat dit van die duiwel was. Ek's 'n Christen. Ek wil niks van die duiwel wees nie."

106 Hy het gesê: "Soos dit destyds was, so is dit nou. Toe hulle gestry het oor watter soort knope hulle moes dra, op hulle jasse, en sulke dinge, en die predikers wat gesê Paulus en hulle keer die wêreld om, wat was dit? Maar dit was 'n—'n bose gees wat gesê het: 'Hierdie manne is dienaars van God, wat die wêreld omkeer.' Wat Paulus en hulle gesê het. En die bose gees het getuig dat hulle ware dienaars van God was."

107 Hy het vir my gesê, gesê: "Onthou jy nie, in die Skrifte, dis wat ons Here gedoen het nie? En dis wat Hy belowe het, Hy het gesê dit sou weer gebeur in die laaste dae."

Gedink: "Wel, wat kan dit wees?"

108 Hy het gesê: "Wel, dis die Gees van die Here Jesus. Hy is die Woord. En Hy't dit belowe in die laaste dae. Nou moenie bang wees nie."

109 Ek het toe afgegaan om 'n klomp mense in die rivier te doop. Toe ek daar gedoop het, waar omtrent vyfduisend mense gestaan het op die oewer; reg in die middel van die dag, tweeuur in die middag; warm, hulle het nie 'n reën gehad vir 'n week of twee nie; en gestaan op die oewer. Hier kom daardie Vuurkolom afgewarrel uit die lug, wat afkom waar ek gestaan

het, en die Stem wat sê: "Soos Johannes die Doper gestuur is om die eerste koms van Christus vooraf te gaan, sal jou Boodskap die Tweede Koms van Christus voorafgaan."

110 Die koerante het dit berig, en dit het in Kanada ingetrek op die Verenigde Pers, om die wêreld: "'n Plaaslike prediker, Baptiste prediker, wat gedoop het, en," gesê: "'n geheimsinnige Lig verskyn bokant hom." Die einste Een waarvan hulle die foto hier geneem het, en het dit in Duitsland en—en oral gedoen. En dis gedoen.

111 My pastoor het vir my gesê, hy het gesê: "Billy, watter soort droom het jy gehad? Wel, jy weet jy het nie gesien . . . "

Ek het gesê: "Daar was honderde wat daar gestaan het, wat Dit gesien het."

112 En hulle sou afkom, gesê: "O, dis 'n verstandelike hallusinasie." Sy bes probeer, dis ou man Ongeloof en Mnr. Twyfelaar.

113 Ek het reguit by die Woord gestaan. Daar gebly, want ek het geweet dit was God se belofte. Amen. Lukas die 17de hoofstuk, het Hy belowe: "Soos dit was in die dae van Sodom." Soos ek die wêreld sien ophoop het, het ek geweet iets moet gebeur. Ek het gesien in Maleági 4, waar hulle "die Geloof terug sou herstel aan die Woord," waarvandaan hulle verstrooi is. Ek het geweet dit moes gebeur, en ek het getrou gebly aan die Woord. Ek het Jesus Christus gevind, vandag: "dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

Gemeente, dit reën. Ek sal net hier stop.

114 Ek wil dit sê. Ek het al hierdie getuies gebring; my eie getuienis. Baie van julle is getuies, hierdie week. Daardie ding is waar, die Boodskap. Hoe kan ek . . .

115 Doktor Davis het vir my gesê: "'n Seun, 'n grammatika-skool opvoeding, gaan bid vir konings en vorste, en 'n herlewing aansteek wat regom die wêreld gaan? Billy, ruk jou reg."

116 Maar, Dit het dit gedoen! Dit het dit gedoen! Drie-en-dertig jaar later, die herlewing oor, en Dit het dit gedoen. God het so gesê! Ek is Sy getuie. Hy het nie gesê *wanneer* Hy dit sou doen nie, Hy het gesê Hy sou dit doen! Ek het gewag vir die tyd wanneer die Woord so werklik sou wees, in my hand geplaas, soos dit was, 'n Swaard, en met dit daardie einste gedagtes in die mense se hart sou onderskei. Ek het gedink: "Hoe kan dit wees?" Ek het gewag, dit geglo, en dit het gebeur. Die Spotter, die Ongelowige, die Twyfelaar, die Ongeduldige, wag en kyk steeds. Maar God, na drie-en-dertig jaar, het dit bevestig, universeel, om die wêreld. Waar koerante, tydskrifte en artikels geskryf is, regom die wêreld.

117 Wees julle die regter. Julle verstand is die jurie. Elke jurie moet besluit. Ek verdaag die hof. Wees julle die regter. Jou

verstand is die jurie. En jou aksies van hier af aan, vanmiddag, wanneer ons hande op die siekes lê, dit sal sê wat jou oordeel was. Die manier wat jy optree nadat daar vir jou gebid is, dit sal sê wat jou intellektuele verstand besluit het, wat die jurie van jou verstand besluit het. Dit sal presies sê, jou aksie van hier af.

118 Ek verklaar dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ek verklaar daar is niks wat in Sy Teenwoordigheid kan staan nie; die mans en vroue wie dit sal glo. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Laat ons ons hoofde buig.

119 Here, Jesus, net 'n woord van U nou, laat die mense glo. Hulle sit hier. Ek sou dit nie doen nie, Vader. Maar, hulle was so geduldig, ek vra nou. Sal U nie, volgens my eie getuienis nie?

120 Ons kan in die Bybel lees, die getuienisse van daardie karakters, die getuienis van ongelowiges. Ons sien waar hulle altyd Dit veroordeel het. Daardie Fariseër, godsdienstige mense in daardie dae, het Jesus Christus veroordeel. Maar dit is bewys, Hy was die Seun van God. Hulle het gesê: "U maak Uself God." Hy was God. Hy tree op soos God; Hy het gepreek soos God; Hy het genees soos God; Hy het die dooies opgerig soos God; Hy het opgevaar Omhoog soos God. Hy is God. Hy kom, God. Ons glo dit. Te midde van alle probleme, is U steeds God. U getuienis staan uit, Here.

121 Ek het getuig daarvan, of gepraat van hierdie ander manne se getuienis. Duisende maal duisende kon ek roep, aan beide kante; die twyfelaar, die ongelowige, en die man wat net nie langer kan wag nie. U het nooit gesê *wanneer* nie. U het gesê: "As hulle hulle hande op die siekes lê, as hulle glo, sal hulle gesond word, maak nie saak watter tyd dit is nie. U het nooit vir Abraham gesê wanneer die baba gebore sou word nie. U het nooit vir Moses gesê watter dag hy die mense sou terugbring na daardie berg nie. U het nooit vir Noag gesê watter dag die reën sou val nie. U het nooit vir hulle enige sekere tyd gesê nie; ook het U ons nie gesê nie.

122 U het gesê: "As jy kan glo! As jy vir hierdie berg sê, nie in jou hart twyfel nie, sal dit gebeur, wat jy gesê het. As jy dit glo!" U het gesê: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Here, ek het dit reguit teruggeplaas in die mense se skoot. Dit hang van hulle af.

123 Ek het aan hulle bewys, volgens die Bybel, en ons weet dit almal, dat die Versoening gemaak is. "Hy *was* deurboor vir ons ongeregtighede. Deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom." Dis verlede tyd, om die twyfelaar se mond te snoer, en die ongelowige, wat gesê het Hy het nie opgestaan nie, en dit een of ander soort van 'n historiese God probeer maak in die godsdiens.

124 Here, ek bid dat U sal verskyn, Hy weer vanmiddag onder ons, en bewys aan hierdie gehoor dat U hier is; die Een wat die Woord gesê het, die God wat ons verhoor het. Vir my, is U geregverdig, Here God. U het Uself bewys, God. Maak Uself so werklik, dat elke man en vrou, hierdie arme mense wat hier sit in hierdie lekkende skuur hier, na die Woord probeer luister, maak Dit so werklik vir hulle, Vader. Toon Uself om God te wees onder ons!

125 Hoedat die mense in alle eeue, Dit soort van 'n vreemde geword het, vir die mense. Toe hulle op die see was daardie aand, en—en U na hulle toe gekom het, het hulle gedink dit was spokerig. Hulle was . . . Hulle het nie geweet wat dit was nie, en hulle het uitgeroep. Maar daardie Stem het teruggekom: "Dit is Ek."

126 Die Stem van die Skrif spreek, vanmiddag, dat hierdie die uur is, hierdie die tyd is, Sodom en Gomorra en al hierdie ander dinge wat is net soos hulle veronderstel was om te wees. En hier is U, wat aan die koninklike Saad van Abraham wys dat U lewendig is, en die Seun van die mens geopenbaar word in hierdie dag van Sodom. Hemelse Vader, skenk dat die mense sal sien; en, wanneer hulle verbykom, dat hulle God se Woord sal neem net soos Abraham het. Maak nie saak wanneer die baba . . .

127 Ons kon Jesaja op die toneel roep, en Jesaja kon getuig het. Hy sou gesê het: "Die Here het vir my gesê: ''n Maagd sal swanger word.'" As hy kon opstaan en met ons praat vanmiddag, sonder twyfel dat hy sou sê: "Elke jong Hebreeuse meisie, regdeur my dae, het daarna gesoek om swanger gemaak te word deur die Heilige Gees; elkeen. Maar U het dit gesê, dit laat neerskryf. U het my geïdentifiseer as U profeet. En my woorde wat ek gesê het, was deur U gerugsteun. My visioene was waar. En die mense het dit geglo, vir 'n geslag of twee, en toe het dit uitgedoof. Toe, na agthonderd jaar, het 'n maagd swanger geword en is 'n baba gebore. Sy Naam was 'Raadsman, Vredevors, Sterke God, en Ewige Vader,' agthonderd jaar later."

128 O Here God, wat's verkeerd met hierdie mense, van ons op hierdie aarde vandag, om onsself die koninklike Saad van Abraham te noem? Wanneer, hy vyf-en-twintig jaar gewag het, gehoop en—en geloof gehad het teen die onmoontlikhede, om 'n wonderwerk gedoen te sien word, en U het dit gedoen. Hoeveel te meer kan ons U Woord neem, wanneer U dieselfde sigbare God is wat aan Abraham verskyn het, wat hier verskyn aan ons in menslike vlees, op dieselfde manier wat U het aan Abraham! God, skenk dat hulle sal, almal, dit sal sien vanmiddag, en vooruitgaan. Elke keer wat die mense deurgaan, en hande op hulle gelê word, mag hulle uit hierdie gebou gaan, verheug, en

dit nooit terugneem nie, maar glo soos Abraham en die res van die aartsvaders het. U het gesê dit sou gebeur, en dit sal gebeur as hulle nie verflou nie. Skenk dit, in Jesus se Naam. Amen.

129 Ek glo wel. Ek glo. Glo julle! Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. Ek glo dat Hy opgestaan het uit die dood. Ek glo Hy is meer as in staat om elke belofte na te kom wat Hy belowe het om te doen. Hy kan elke woord hou wat Hy ooit gesê het, en Hy sal dit vir ons doen hier vanmiddag as ons dit net sal glo.

130 Nou, Hy het nooit gesê; "Gaan julle daarom, en—en ruk die mense uit rolstoele, en neem die hartgevalle en doen *dit*," nie. Hy het dit nie gesê nie."

131 Gesê: "Lê hande op die siekes, en hulle sal gesond word." Dit is gelowiges.

132 Nou, die Heilige Gees is Sy getuie vir die verdediging hier, Hy weet of jy Dit glo of nie. Moenie net kom gis nie. Neem daardie vergissing, en neem daardie hoop, en neem daardie denkbeeldige, en sit dit onder jou voete, en sê: "Ek het geloof, ek weet dit gaan wees!" Iets sal gebeur.

133 Wat dink julle is dit, vir my, wat hier staan, vriende? Wat dink julle, vir my, wat hier staan soos dit nou is, voor gehore partymaal tot by duisende, en honderde van duisende, 'n aanspraak sou maak dat Hy lewe, en Sy Gees dit vir my gesê het, die Woord wat Hy vir my sou gee? Sou God enigiets doen sonder om in staat te wees om dit te rugsteun? Sien, gesê Hy sou dit doen! Dis die Woord. En staan hier voor die gehore, waar twyfelaars, ongelowiges, en alles sit, by die tiene van duisende; en Hom tog sien, Hom op die toneel roep.

134 Glo julle Hy is hier? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

135 Iemand naby. Nie my vriende nou nie; as jy—as jy siek is, enigiemand, my vriende. Hoeveel, net hier voor my, weet dat ek julle nie ken nie, steek julle hande op soos *hierdie*?. . .?. . .

136 Nou daar is sommige hierbinne wat my wel ken. Sien, *hierlangs*, hulle ken my wel, net hierbinne. Dis reg, is dit nie, broers, almal van julle daarlangs? Sien? Kyk hier. Sien, hulle ken my.

Maar *hierbuite* in, julle ken my nie.

137 Hoeveel in hierdie een ry hier ken my nie, steek op julle. . .Is daar enigiemand in hierdie drie rye hier, net *hierbinne*, wat my wel ken; weet dat ek iets van jou weet, en alles? Steek op julle hande.

138 Ken ek *jou* daaragter? Ek ken *jou*, broer? Ek glo nie hy't my verstaan nie, want ek ken hom nie. Hy ken my nie. Nee. Jy ken my nie, ken jy, meneer? Jy—jy—jy ken my? Weet jy dat ek weet wat verkeerd is met jou? Ja, wie is jy? Miskien. . .Hy het

my nie verstaan nie, want ek—ek ken nie die man nie. Nou wat het jy . . . Weet jy dat ek weet wat verkeerd is met jou; sonder om geestelik te wees, ek ken jou net as 'n man, en weet wat verkeerd is met jou? [Die broer sê: "Nee."—Red.] Beslis nie. Sekerlik. Sien, ek sou nie. Sien, dit reën, en jy kan nie verstaan nie.

139 Mag die Heilige Gees ons nou help. Goed, begin *hierdie* seksie dan. Glo julle, *hierbinne*.

140 Daardie een man, nou, hy mag ek—ek nie eens ken nie. Die man wat daar sit, hy het sy hand op, sien, ek dink nie . . . Hy ken my nie. Ek weet hy ken nie. Maar hy het net opgesteek . . . het sy hand opgehad, in elk geval. Ek sal hom nie aanraak nie, dan, sien. Ek . . .

141 Wees *julle* almal. Die Here seën. Iemand bid, *hierbinne*. Glo julle? Elkeen van julle, glo julle Hom? Met julle hele hart, glo.

142 Hier is 'n dametjie. Laat my net een persoon roep, begin praat, net met iemand praat; laat Sy . . . laat die Heilige Gees beweeg. Die dametjie wat daar sit, glo jy dat ek God se dienaar is? Jy, die dametjie wat net hier sit. Sien? Jy, goed, twee van julle het julle kop geknik. Goed, ons sal dan net albei van hulle hê. Goed.

143 Die dame hier, wat haar kop geknik het soos *hierdie*; die pienk rok aan. As Jesus Christus vir my kan sê wat jou probleem is, of iets van jou, sal jy glo dat ek Sy profeet is; weet dis Hy? Die probleem is in jou rug. As dit reg is, steek op jou hand. Sien? Sien? Sien? Goed. Sien? Sien?

144 Nou, jy, dametjie buite op die punt, jy het dit nie gekry nie omdat die weer sleg was. Jy het kolonprobleme. Of hart . . . Kolonprobleme, dis in jou kolon.

Hierdie vrou wat langs jou sit, het 'n hartprobleem.

145 As dit reg is, julle drie vroue steek op julle hande. En ek's 'n vreemdeling vir julle, sien.

Glo julle nou? Hê geloof. Dis al wat julle moet doen.

146 'n Dametjie wat net hier sit, reguit na my kyk, ek ken jou nie. Jy's 'n vreemdeling vir my. Jy ken—jy ken my nie. Sit net daar, met 'n klein wit . . . wat reguit na my kyk. Ja, jy. Uh-huh. Jy ken my nie. Maar jy ly, nie waar nie? Jy was soort van 'n bietjie bekommerd oor iets. Dis 'n knop wat in jou bors is. As dit reg is, steek op jou hand.

Nou, jy sê; "Jy het 'n knop gesien. Daar is geen knop wat wys nie.

147 Is dit reg, geen knop wat wys nie? En ek ken jou nie. Glo jy dat God vir my kan sê wie jy is? Sal dit jou 'n bietjie help? Sou dit die gehoor help? Nou, onthou, die vrou het haar hand op. Steek jou hand op, ek jou nie ken nie. God help my. Mev. Patterson. Dis reg. Glo jy?

148 Terloops, dis jou skoonma wat daar langs jou sit. Glo jy? Sy wil voor gebid word. Sy het gekom vir daardie doel. Glo jy God kan vir my sê wat die fout is met haar? Haar probleem is in haar oë en haar ore. As dit reg is, steek op jou hand. Dis reg.

Hy lewe! Hy is steeds God.

149 Hier is 'n dame wat daaragter sit, wat epilepsie het. Sy het epilepsie, en sy het vroueprobleme. En haar naam is Mejuffrou Woods. As dit reg is, staan op jou voete. Staan op jou voete as dit reg is. Ek het nooit die vrou in my lewe gesien nie. Die duiwel het jou verlaat daar, suster. Prys God! "As jy kan glo." Glo julle net.

150 Hier is 'n dame wat net *hieragter* sit. Sy is baie swak. Sy is siek. Sy het pas uit die hospitaal gekom. Sy het—sy het maagprobleme. Haar naam is Mejuffrou Kitchens. Staan op, en glo met jou hele hart, Jesus Christus maak jou gesond. Haar nooit in my lewe gesien nie.

151 Hier is 'n dame met galblaasprobleme. Glo jy met jou hele hart, ook, dat God jou sal genees? 'n Mev. Whittaker, glo jy met jou hele hart, dat God jou sal genees? As dit reg is, staan op jou voete, as ons vreemdelinge vir mekaar is.

152 Glo julle Hy is hier? [Gemeente juig en sê: "Amen."—Red.] Wat is dit? Dis God se getuie vir die verdediging. Halleluja! O mense, glo met julle hele hart! Dis God se getuie vir die verdediging.

153 Hoe oordeel julle Hom? Glo julle Hy is reg? Glo julle Sy Woord is waar? Hy het belowe! Heel week lank, het ek daaroor gepreek en dit gewys in die Bybel, dat Hy dit sou doen in hierdie dag. Glo julle dis die Waarheid? Oordeel julle? Wat is julle oordeel? Glo julle?

154 Laat diegene wat gebedskaarte het in *hierdie* kant hier oorkant opstaan in die middel van die paadjie, *hier* oorkant, wat gebedskaarte het, in hierdie ry hier oorkant; staan op in die middel van die paadjie, hierdie kant toe. Diegene aan *daardie* kant, wat gebedskaarte het, staan op in *daardie* paadjie, hierdie kant toe. Diegene oorkant teen die anderkant, staan op in *daardie* paadjie.

155 Diegene wat bo in die bokant daar is, wat gebedskaarte het, stap ondertoe na vore.

156 Diegene wat in *hierdie* ry hier is, wat gebedskaarte het, staan oorkant aan *daardie* kant. Diegene aan *hierdie* kant wat gebedskaarte het, staan oorkant in *hierdie* paadjie net hier. Diegene wat gebedskaarte het, *hier*, staan oorkant in *hierdie* paadjie.

157 Nou, stop net daar nou. Ons sal die ander kant kry net binne 'n oomblik. Vorm julle ry. Kom reguit af. Ek's . . .

158 Nou staan stil, net 'n oomblik, waar julle is. Staan net waar julle is, net 'n oomblik.

159 Kyk, hoeveel predikers is hierbinne, wat glo, ware Godvresende manne wat glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, dat Sy laaste opdrag aan die kerk, was: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word"? Hoeveel van julle predikers glo dit? As julle glo, kom hier en staan saam met my net hier terwyl ons bid. Sodat wanneer hierdie mense genees word, hulle sal sien dit was nie net Broer Branham nie; dis julle, ook. Staan reg hierlangs, vorm 'n dubbele ry net *hier* waar die ry sal deurkom. O, goeiste! Wat anders kan God doen? Ek weet van niks nie. Kyk na die predikers wat kom om hiervan te getuig. Gaan reguit af, maak julle ry onder na *hierdie* kant, hierdie predikers.

160 [Iemand sê vir Broer Branham: "Ek kan hulle nie kry om te beweeg nie."—Red.] Huh? ["Ek kan hulle nie eens kry om ondertoe te beweeg hier nie."] Dis in die haak. Dis reg. Ons sal hulle kry.

161 Nou gaan ek vir Broer Borders kry, die bestuurder, om hiernatoe te kom na hierdie mikrofoon. En ek wil hê hy moet die ry in orde hou, sodat hulle *hiernatoe* sal kom, weer terug na *daardie* kant toe sal omgaan, en teruggaan na julle sitplek, sien, wanneer julle kom.

Nou almal wat my kan hoor, steek op julle hand.

162 Kyk, laat *hierdie*, die verste terug, eerste inkom; en omkom hiernatoe, en omgaan. Dan laat die volgende. Gaan reguit om agter die predikers hier, soos vir julle gebid word, gaan net reguit terug en neem julle sitplek. Dan laat Billy, hy sal julle reg rondom wys en vir julle sê hoe om in 'n ry te kom. En so gou as hierdie verby is, laat ons hulle na *daardie* kant ondertoe staan, en hierdie ander pad kom.

163 Nou almal, verstaan, steek op julle hand nou. Alles reg, goed. Nou Broer Borders sal net hier by die mikrofoon wees om te getuig van wat julle moet doen. Goed.

164 Nou kyk. Die rede waarom ek dit doen, is omdat ek wil hê julle moet verstaan. Ek ken nie hierdie broers hier nie. Ek ken twee of drie van hulle. Hulle mag Metodis, Baptis, Presbiteriaan wees. Ek weet nie wie hulle is nie. Nie nodig vir my om dit te sê nie. Sien? Nou, ek wil hê julle moet weet dat nadat ek weg is . . .

165 Meestal, kom evangeliste in die dorp, en hy doen alles, sien, hy doen die gebed vir die siekes en alles. Sien, dis nie reg nie. Ek wil uit daardie prentjie bly.

166 Ek wil hê julle moet Jesus sien. Hierdie week, het ek my bes probeer om vir julle te wys dat Hy hier is. En as julle geloof

het, reik net op en kry Hom, julle het nie nodig om in die ry te kom nie. Maar as julle hierdie Skrif wil volg, Sy Goddelike Teenwoordigheid, julle Sy kleed aangeraak het. Kyk net, wat, hierdie mense wat hier staan, 'n rukkie gelede, God in die Hemel weet ek het hulle nooit in my lewe gesien nie. En ek net hier kon begin, binne 'n paar minute sou ek flou word. Hoeveel weet dat Jesus, toe dit met Hom gebeur het, daardie vrou wat God se gawe gebruik het, sy swak geword het? Hoeveel weet dat deug uit Hom gegaan het, Sy krag was? En ek's 'n sondaar. Maar Jesus het gesê: "Meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader."

167 Nou gaan ons gebed doen. En ek wil hierdie predikers saam met my hê. Ek gaan reg hierbuite staan, ook, hande lê op elkeen van die siekes. En nou as julle . . .

168 Onthou! Luister! Luister julle Daarna! Glo dit! As julle nie gelowig deurkom nie: "Net nou is dit vir ewig afgehandel," nie, moenie kom nie. Dit sal jou net erger maak. Dit sal jou geloof hinder. Maar as jy glo dat jy in die Teenwoordigheid van Jesus Christus is, en nie ons, Sy dienaars nie. En ons voer net uit, getuienis, soos ons ons hande op jou lê, dat ons glo dat hierdie die Waarheid is. En wanneer ons hande op jou lê, glo jy dit, en gaan hier uit, verheug, sê: "Dank U, Here! Dis alles afgehandel." Moet jy nooit jou besluit verander nie.

169 Nou onthou. Laat my dit weer aanhaal. Luister aandagtig. Jou verstand is jou jurie, oor hierdie saak. En jou aksies van hier af aan, sal wees, sal uitspreek wat jou oordeel is. Jy hier inkom en sê: "Wel, ek weet nie," sien jy, sien jy waar jy Hom geoordeel het. Hy word verhoor deur elkeen van julle. Hy is hier, in julle teenwoordigheid. Sy Woord is hier. Hy bevestig Sy Woord. Jy is hier. Hy, Hy word verhoor deur jou, nie verhoor deur my nie. Ek glo Hom. Hy word verhoor deur julle. En as julle hom glo, en as julle Hom getrou oordeel aan Sy Woord . . .

170 Nou hulle is net omtrent gereed om die ry reguit te kry, so hulle vorm rondom, julle sien. Net, ek wag net totdat hy dit uitsorteer. Beweeg net reguit aan uit en vorm vir julle 'n lang ry. En gaan net reguit terug soos julle gekom het, wanneer julle uitkom.

171 As julle Hom geglo het, dan gaan iets gebeur. Onthou, nou, daar is geen krag in geen van hierdie predikers nie. Daar is geen krag in my nie. Daar is geen krag in enige mens, om te genees nie. Maar ons het gesag van God, om dit te doen. Ons het nie krag nie; ons het gesag. *Hier* is ons gesag, God se Woord, en die Teenwoordigheid van Jesus Christus bewys dat Hy hier is. Wat? Julle behoort genees te word, elkeen!

172 Nou laat ons almal ons hoofde buig terwyl ons een gebed doen. En Broer Borders sal hier staan, die sang lei en die mense reël. En soos jy nou deurkom, bid en glo.

173 Vergader julle almal, broerpredikers. Julle sien waarom ek dit gedoen het. Dat, wanneer ek vertrek, julle gemeente weet, ook, hierdie mense wat genees is, julle ook God se dienaar is. Dit is nie net een nie. God het nie net een dienaar nie; Hy het duisende van hulle, almal wat Dit sal glo. Laat ons ons hoofde buig. Julle het net soveel reg om te bid vir die siekes, as ek, Roberts, of enigiemand anders.

174 Hemelse Vader, ek dank U weer, in my hart, en ek weet harte hier. U is geregverdig om dit in die Woord te sit, want ons het dit sien werk, en ons weet dis die waarheid. En ons weet dit sal werk op elke persoon. En ons bid tot U nou, Here, maak ons eie siel gereed terwyl ons weet U is hier. U het geantwoord. U het U Woord uitgespreek aan ons. U is hier.

175 Nou mag U ons salf, Here, dat wanneer ons ons hande op die siek mense lê, arme siek mense wat hier sit in hierdie reën vanmiddag, mag elkeen van hulle gesond word, en huis toe gaan en gesond wees. Mag hulle soos Abraham wees: "dié dinge wat nie is nie, noem asof hulle is," omdat God die belofte gemaak het. En U was die Een wat gesê het: "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." U het nooit gesê hulle sal net dan gesond word nie, maar U het gesê hulle sou dit doen. En ons glo dit, Here. Help al—almal om dit te glo, Here, soos ons die diens toevertrou aan U hand. In Jesus Christus se Naam, volg ons U Gebooie. Amen.

176 Nou laat die gebedsry begin. Broer Borders, neem die gebedskaart. [Broer Branham en die predikers bid vir elkeen in die gebedsry—Red.]

177 [Leë kol op band—Red.]. . . glo? [Gemeente juig en sê: "Amen."] Die Here seën julle.

178 Die rede waarom ek my hande saam met julle predikerbroers het, dit was omdat party van julle almal ook gely het, julle weet. En julle het julleself hierbuite gesit om te bid vir andere, en alleen gelaat. Dis nie reg nie. Ek glo, soos ons ons hande bymekaar gebring het, glo ek dat God dit geëer het.

179 En hier, nou, hier—hier is diegene wat nie by die diens kon kom nie; nou laat ons bid, vir hierdie sakdoeke.

180 Hemelse Vader, ons word geleer in die Bybel, dat—dat: "Hulle van die liggaam van Paulus, sakdoeke en voorskote geneem het." Ons is nie Paulus nie, maar U is steeds Jesus. En ons bid, God, dat U U seëninge saam met hierdie sakdoeke sal stuur, en een en elkeen van hulle sal genees. Maak hulle gesond, Here, tot U glorie. In Jesus Christus se Naam, bid en stuur ons hulle. Amen.

181 Ek wil dit sê. Dat, deur die lyn het gekom, het ek vroue en mans gesien wat babatjies vashou, en hulle was nat. Onthou julle my net, my pastoorbroers, dat, weke van nou af, sal julle

uitvind, daar was 'n groot ding wat hier plaasgevind het. Hulle sal gesond word. Ek sê dat negentig persent van hulle sal gesond word. Dis reg. O, ek dit was. . . Ek het nooit so 'n vorm van geloof gevoel nie. Dit was regtig wonderlik. Ek sien julle is. . . Nou maak net, gaan aan en maak asof dit alles verby is, maak nie saak of julle dit nie gevoel het nie. Moenie. . . Hy het nooit gesê: "Het julle dit gevoel?" nie. Hy het gesê: "Het julle dit geglo? Het julle dit geglo?" En ons glo dit. En Hy is nou hier, en ons gee Hom—ons gee Hom lof en glorie, vir alles wat Hy gedoen het.

182 En dierbare Christenvriende, ek weet hulle sal die diens sluit binne 'n paar minute, en ek wil dit vir julle sê. As ek julle nie meer hierdie kant van die Rivier ontmoet nie, sal ek julle Daar sien met hierdie selfde Evangelie, hierdie selfde Ding. Onthou nou net, dat wat julle aanvaar het vanmiddag, julle verstand was julle jurie. Dit het sy besluit geneem, die oordeel gefel.

183 Nou gaan julle net aan en maak so. Ek gee nie om of julle verlam was en nie kon beweeg nie; hou net aan om dit te glo. Hy, Hy het gesê: "Hulle sal gesond word! Hulle sal gesond word!" Dis wat die getuie gesê het, elke getuie vandag. Die heelpad af deur die Bybel, Hy. . . behalwe as Hy gesê het iets spontaan sou gebeur. Maar in hierdie geval: "Hulle sal gesond word," dis wat oplê van hande is. Nou as 'n visioen gebeur het, en gesê het: "dit gaan op 'n sekere tyd gebeur, 'n sekere tyd," dan bepaal Hy die tyd. Maar in hierdie geval, het Hy gesê: "Hulle sal gesond word." Glo dit, met julle hele hart. Laat ons een keer sing.

Weer ontmoet! weer ontmoet! God. . .
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
O, weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

184 Nou net voor, laat ons hande skud met iemand naby jou, sê: "God seën jou, Christenvriend." Moenie beweeg nie. Bly net, skud hande oral. "God seën jou, Christenvriend." God seën jou. God seën jou, broer. God seën jou, broer. God seën jou. God seën jou, Roy.

185 Nou laat ons ons hande opsteek na Christus, en sing.

Weer ontmoet! (Laat ons nou ons oë sluit en
ons hande nou opsteek.) Weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet!

'N VERHOOR AFR64-0405
(A Trial)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 5 April 1964, by die 4-H Klub Skuur in Louisville, Mississippi, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org